Koffietyd 13 Maart 2021

Genesis 1:26+27
En God het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

Hebreërs 11:6
En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

1 Kronieke 4:10
En Jabes het die God van Israel aangeroep en gesê: As U my ryklik seën en my grondgebied vermeerder en u hand met my sal wees en U die onheil afweer, sodat my geen smart tref nie! En God het laat kom wat hy begeer het.

Johannes 16:33
Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

2 Korintiërs 1:20
Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons.

2 Korintiërs 3:18
...hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlikheid wees nie?

Filippense 4:19
En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.

Spreuke 18:20
Van die vrug van iemand se mond word sy maag versadig; hy word versadig van die opbrings van sy lippe.

Johannes 14:14
As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.

Frik Weideman / 083 459 5158

KOFFIETYD 13 MAART 2021

Jakobus 1:22
En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.

Jesaja 54:17
Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die HERE en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die HERE.

Job 22:28
Besluit jy iets, dan kom dit tot stand; en oor jou weë skyn 'n lig.

Lukas 10:19
Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.

2 Korintiërs 10:3-5
Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie;

want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,